Jacky Smith

From: belastingbetalers Vereniging <rsebbv@gmail.com>
Sent: Thursday, 30 April 2026 11:58
To: TWK Budget
Subject: Belastingbetalersvereniging. Insette op 2026/2027-begroting

> Some people who received this message don't often get email from rsebbv@gmail.com. Learn why this is important

Erken asb ontvangs

Goeie dag

Hiermee volg my kommentaar op die konsepbegroting. Daar is geen verandering in my kommentaar sedert 2021 nie. Die tariewe bly styg bo inflasie, terwyl ons dienste in Riviersonderend swak bly. Ons grondstrate is ten minste twee jaar laas geskraap. Dit wil voorkom asof die verhogings net daar is om die amptenare se sakke te vul. Dit sluit ook die politieke koalisie in. Die amptenare se inkomste bly verseker, maar ons moet betaal ongeag wat die verhoging is, en geen verbetering aan dienste word opgemerk nie.

Verhoging as geheel
Om een item uit te sonder wat te veel of te min verhoog is, sal niemand baat nie. Die feit is dat die R185 tot R325,05 verhoging op die gemiddelde huishouding se rekening eenvoudig nie bekostigbaar is nie. As dit vir die volgende tien jaar so aanhou, beloop die verhoging R1 850 tot R3 250, wat byna gelykstaande is aan die huidige munisipale rekening.

Kostereflektering
Die amptenaar wat die konsepbegroting aan ons voorgelê het, het gesê die verhogings is in lyn met omliggende munisipaliteite se verhogings. Dit blyk egter nie die geval te wees nie, omdat ons omliggende munisipaliteite veel laer verhogings het.

Aantal rekenmeesters in diens (85)
Die hoeveelheid rekenkundiges in diens by TWK, soos getoon in die begroting, is skokkend. Die vraag ontstaan hoe finansiële verval kon plaasvind wanneer daar soveel oë op die saak was. Kan hierdie mannekrag nie beter benut word in ander dienslewerings afdelings nie?

Gebrekkige inligting by begrotingsvoorleggings
Geen inligting wat spesifiek handel oor die allokasie vir dienslewering in Riviersonderend, is voorgelê nie.

Geen IDP
Daar was geen verwysing na die IDP nie.

Recovery rate
Die belastingbetalers word benadeel in elke begroting omdat 20% van inkomste verlore gaan. Hoekom word die belastingbetaler gestraf om op te maak vir tariewe wat nie ingevorder word nie? Die munisipaliteit word betaal om hierdie funksie te verrig.

Toekomsplan
Die munisipaliteit kan binnekort verwag dat die middelklas nie meer hul verhoogde rekeninge sal kan bekostig nie. Situasies soos belastinggeld wat teruggehou word, of dispute wat vir lang tydperke aangaan, kan ook verwag word indien ’n oplossing nie gevind kan word nie.

Die uwe
Riviersonderend Belastingbetalersvereniging
D.F. Roux
VOORSITTER
076 973 2143